# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village - 24/2022 - 23 SEPTEMBER 2022*

## BESPREKINGS VIR BRAAI AREA

Besprekings vir die gebruik van die Braaiarea vir spesiale funksies, gratis vir ons inwoners, open op 1 Oktober 2022 vir die jaar 2023. As u 'n spesiale herdenking, verjaarsdag, reunie of ander geleentheid wil vier en ons braaiarea wil benut, bespreek nou om teleurstelling te voorkom. Gee asseblief aanduiding van aantal wat sal bywoon en ook van die tyd. Neem in ag dat gedurende die dag daar af en toe 'n begrafnis sou kon wees. Laatmiddag en aande behoort beskikbaar te wees. Daar sal sitplek gereël kan word vir 50 persone (selfs meer) en 'n 8X6m area sal onderdak wees. Twee braaiers met skoorstene sal ook onderdak wees.

Ons beplan dat dit klaar sal wees voor 1 Januarie 2023.

## SPELLING IN BULLETIN 23

Dit was met skok dat ek Bulletin 23 gelees het. My handtekening was daaronder en ten minste 12 spelfoute. 'n Verleentheid soos min en ek vra verskoning dat dit so uitgegaan het. Laat veranderinge deur ander en dis nie weer geproeflees nie. Die druk om dit uit te kry VOORDAT dit ou nuus is speel ook hierin 'n rol. (beter betyds met foute as te laat sonder foute?)

## TV DIENS




Daar was onlangs 'n probleem met nuwe intrekkers wat hul TV wou gekoppel hê. Die eerste beste een wat op Google opgekom het is aanbeveel en toe gebel. 'n Rekening van R3500 is mee gedreig en uiteindelik afgebring na R1750, maar met behulp van ons sekuriteit is uiteindelik net R350 betaal.

Ons aanbeveling is dat u gebruik sal maak van een van die volgende drie verskaffers.
1. Optimal TV veral ten opsigte van woonstelle (hulle is die enigste wat by ons infrastruktuur in die dak mag kom) tel 012 333 7772;

2. Willem tel 076 712 8530; en

3. Teleshaw 012 543 0111.

U mag natuurlik enige ander kontrakteur gebruik (behalwe in woonstelblokke se dakke), waar slegs Optimal TV mag werk.

## PANIEKKNOPPIE

Daar word aanbeveel dat u u panieknoppie minstens een maal per kwartaal toets. As die battery vervang moet word is dit baie eenvoudig. Dis 'n normale vorm van battery soos 'n AAA net baie kleiner (korter). Dis baie maklik verkrygbaar by amper alle groot winkels en selfs apteke, hardeware winkels en baie ander plekke. Die battery is 'n (alkaline A23 .. 12v) en dit kos ongeveer R20 tot R30.

## GEFILTREERDE WATER



Die stelsel is bestel, dit sal geïnstalleer word teen die muur oorkant woonstelle 2008/2009. Die apparaat sal binne in die sorgsentrum se kombuis staan (daar is ’n kragpunt en ’n kraan) met ’n aftappunt buite. Dis ongeveer waar die geel sirkel op die foto is.

## TUINDIENSTE EN WATERVERBRUIK

Die tuindienste gebruik water buite die amptelike natgooitye. Dis ’n doring in die oog vir ons inwoners. Dis begryplik. Tuindienste werk egter slegs tydens die ure waartydens water vir tuine nie gebruik mag word nie. Ons probeer sover moontlik besproeiing insit met tydskakels, maar dis net nie oral moontlik of ekonomies nie. Vrywilligers om op wetlike tye nat te gooi het ook nog nie na vore gekom nie, dit sal trouens ook baie organisasie en beheer verg. Verder kan ons nie al ons plante, struike en bome laat doodgaan nie. Ons sal dit tot ’n minimum beperk.

## WASSERYSTOEP

Die stoep by die wassery vorder fluks, as die dak klaar is met Harvey Tiles en geïsoleer is, sal die vensters ingesit word. Die helfte van die stoep sal gaan vir ’n ontvangsarea vir die wassery en die ander helfte vir ’n kamer vir klein byeenkomste van belangegroepies, bybelstudies, ens. Die skeiding sal wees met “dry walling”. Die ingang na die wassery sal dan ook verander.



## KOFFIEWINKEL SE DEK



Die dek is klaar, drie dae voor die tyd. Mens kry nog goeie kontrakteurs. Dis nou die stoele, tafels, sambrele,  glaspanele en bedieningspersoneel wat aandag geniet. Ook die tuin by die koffiewinkel sal nou dringend aandag kry. Die spasie tussen braai en koffiewinkel se muur en Proteaweg sal ook nou deur tuindienste netjies gemaak word met plante/blomme. Alle bome kon ook behou word.

## BRAAI

Braai area kry nou volle aandag en fondasie sal binnekort gereed wees vir bewapening en beton. Daarna sal die messelwerk kan begin.

## SONPANEELPROJEK

Die sonpaneelprojek gaan **uiteindelik** ook begin. Die munisipaliteit van Tshwane het ’n vertraging van nagenoeg een jaar veroorsaak. Die beplanning is nou dat die projek begin op 3 Oktober en teen einde November/begin Desember klaar sal wees.

## STORMWATER EN VLOEDE

Waterafvoer agter huise 152 tot 160 word tans ondersoek vir ’n “permanente” oplossing,maar die weer is nooit ten volle voorspelbaar nie. Die beste raad word ingewin.